SEËN GEBED

Vader, ek ontvang en verwelkom en erken hierdie seuns as 'n wonderlike geskenk en aangename seën vanaf U. Ek verklaar en spreek U seën op en oor julle uit. Ek seën julle in die naam van Jesus Christus en proklameer die seën van God, my Verlosser oor julle. Hy gee julle wysheid, ontsag vir God en 'n hart van liefde.

God skep in julle die begeerte om Sy woord te onderhou; 'n gewillige en gehoorsame hart sodat julle julself aan Sy weë sal onderwerp vir julle lewe. Mag julle harte meer as alles bewaar word, want daaruit is die oorspronge van die lewe. Laat liefde en trou julle nooit verlaat nie, bind dit om julle hals, skryf dit op die tafel van julle harte, terwyl julle in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus,

Julle is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God vir julle voorberei het, sodat julle daarin kan wandel. Ek het geen groter blydskap as dit nie, dat ek hoor dat my SEUNS in die waarheid wandel.

Die Here berei julle voor om mekaar altyd te eer en lief te hê. Mag julle so leef sodat ander mense vir julle respek sal hê. Leef rustig en sorg self vir julle gesin. Behartig julle eie sake en werk met julle eie hande sodat julle welvoeglik kan wandel, teenoor die wat buite is, en aan niks behoefte mag hê nie. Mag julle die Vader in gees en waarheid aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom so aanbid.

TRUANDI:

Ek seën julle met gesondheid en lang lewe en God se engele waak altyd oor julle. Julle IS geseënd omdat julle Jesus Christus julle Heer en God gemaak het. Ek het julle waarlik lief en seën julle met my lewe, liefde en gebede.

STEPHEN / TRUANDI:

Ons bid dat dit met julle in alles goed sal gaan en dat julle gesond is, soos dit met julle siel goed gaan...want die Here weet wat Hy vir julle in gedagte het. Hy beplan dat goeie dinge met julle sal gebeur en nie slegte goed nie. Hy wil hê dat julle hoop vir die toekoms moet hê (Jer. 29:11).

Ons seën julle en is lief vir julle in die Naam van Jesus Christus. Ons ontvang julle in die huishouding van Stephen Smith. AMEN